Die Eerste Martelare van die Kerk van Rome

30 Junie



Hierdie fees is ingestel om al die Christene te herdenk wat deur keiser Nero gedood is ná die groot brand van Rome in die jaar 64. Hy het die Christene blameer vir die oorsaak van dié ramp en baie van hulle het ’n grusame marteldood gesterf. Hierdie naamlose, onbekende gelowiges is op die Vatikaanheuwel vermoor. Hiermee het die keiser egter nie daarin geslaag om die Vroeë Kerk uit te wis nie, inteendeel, hulle geloofsgetuienis het die lewende fondament geword waarop die Kerk in Rome en dwarsdeur die destydse Romeinse Ryk gegroei het.

© Die Oratorium Uitgewery